# Voornaamwoord

Voornaamwoorde word tipies gebruik in die plek van 'n sinsdeel waarin 'n naamwoord die belangrikste woord is, byvoorbeeld ***Dit*** *(= LIEFDE) is wonderlik* en ***Dit*** *(= die MEDISYNE) is sleg* om met minder woorde iets te sê. Ander voornaamwoorde word weer tydelik gebruik in die plek van inligting wat nog nie voorsien is nie. Die betekenis van die voornaamwoord kan normaalweg uit die situasie of die teks (wat gelees of waarna geluister word) vasgestel word. Soms is die betekenis van 'n voornaamwoord egter onbekend (bv. *iemand*) of algemeen (bv. *hulle* in *Hulle sê dit gaan reën*).



## Persoonlike voornaamwoord

*ek, jy, hy, sy, dit, ...*

Persoonlike voornaamwoorde word op hulle eie gebruik, byvoorbeeld ***Ek*** *het niks gehoor nie*. Dit verwys dikwels na 'n menslike saak, niemenslike saak (diere, plante, voorwerpe) of iets abstraks wat deur die leser of hoorder ***vasgestel kan word***.

*__Hy__ (= die man) gee vir __haar__ (= Susan) die boek dat __sy__ (= Susan) __dit__ (= die boek) kan lees.*

## Onbepaalde voornaamwoord

*almal, iemand, ...*

Onbepaalde voornaamwoorde word op hulle eie gebruik, en hulle verwys na iets wat die skrywer of spreker **nie bekend kan of wil maak nie**.

*__Iemand__ (= 'n persoon) klop aan die deur.*

## Wederkerende voornaamwoord

*hom, haar, ...*

Wederkerende voornaamwoorde word op hulle eie gebruik, en hulle wys vir die leser of hoorder dat die aksie wat deur iemand (die subjek) uitgevoer word, ***oorgaan op dieselfde persoon***.

*Sy vervies __haar__ gereeld.*

## Wederkerige voornaamwoord

*mekaar*

Die wederkerige voornaamwoord (*mekaar*) word op sy eie gebruik en vorm 'n skakel met die subjek van die sin wat wys wie die handeling uitvoer. Die gebruik van die wederkerige voornaamwoord dui vir ons aan dat die aksie wat die subjek (die doeners) uitvoer, weer teruggaan op dieselfde doeners, máár dat die doeners se aksie mekaar **van weerskante af** beïnvloed: X doen aan Y wat Y aan X doen.

*Marko en Jans groet __mekaar__ hartlik.*

## Besitlike voornaamwoord

*my, myne, jou, sy, haar, ...*

Besitlike voornaamwoorde word op hulle eie gebruik om terselfdertyd te verwys na 'n **eienaar** en 'n **besitting** (bv. *joune*). Dit kan ook voor 'n naamwoord gebruik word (bv. ***jou*** *tas*) om te wys wie die eienaar is van die saak wat die daaropvolgende naamwoord benoem.

*Dit is __my__ plan. Die plan is __myne__.*

## Aanwysende voornaamwoord

*hierdie, daardie, dié, daai, ...*

Aanwysende voornaamwoorde kan op hulle eie gebruik word (spesifiek *dié*) of voor 'n naamwoord (bv. ***dié***/***hierdie***/***daardie*** *tas*) om te verwys na 'n **spesifieke saak**. Terselfdertyd dui dit die *afstand* van die saak in verhouding tot die skrywer/spreker en leser/hoorder aan, byvoorbeeld of die saak naby of ver van die skrywer/spreker en leser/hoorder is.

*__Dié__ kan 'n mens oor en oor gebruik. Wil jy __hierdie__ laaste stukkie sjokoladekoek hê?*

## Betreklike voornaamwoord

*wat, wie, wie se, ...*

Betreklike voornaamwoorde is 'n beperkte groepie, naamlik *wat*, *wie* en *wie se*. Dit vorm tipies 'n betekenisverband (of skakel) met 'n sinsdeel voor dit, en dit lei 'n sin ('n betreklike bysin) in wat hierdie sinsdeel uitbrei. Betreklike voornaamwoorde kan normaalweg herskryf word as 'n sinsdeel wat aandui wie/wat 'n handeling uitvoer of ondergaan, of as 'n sinsdeel wat wys wie/wat direk deur 'n handeling geraak word.

*Die leerders __wat__ in die ry staan, gesels kliphard.*

[Die sin (betreklike bysin) *wat* deur *wat* ingelei word (naamlik *wat in die ry staan*), brei die sinsdeel voor die betreklike voornaamwoord (naamlik *die leerders*) uit. Die betreklike voornaamwoord in die betreklike bysin kan herskryf word as 'n sinsdeel wat wys wie 'n handeling uitvoer, bv. ***Wat*** *in die ry staan* (betreklike bysin) < ***Wat*** *staan in die ry* (herskryf dit om te lyk soos 'n normale sin met *wat* wat dien as plekhouer) < ***Die leerders*** *staan in die ry* (vervang *wat* met 'n sinsdeel).]

## Vraende voornaamwoord

*wie, hoekom, waar, ...*

Vraende voornaamwoorde is vraagwoorde wat gewoonlik aan die begin van 'n vraagsin gebruik word.

*__Waar__ bly jy? __Wie__ bel my?*

**LEES MEER**
oor voornaamwoorde op Taalonderrigportaal.

www.viva-afrikaans.org

VIRTUELE INSTITUUT VIR AFRIKAANS

# Adjektief

Adjektiewe beskryf 'n saak (bv. 'n mens, 'n dier of 'n ding) wat aangedui word deur 'n naamwoord, 'n voornaamwoord of 'n sinsdeel binne die sin waarin 'n naamwoord die belangrikste woord is. Adjektiewe word voor of ná 'n naamwoord, direk ná 'n voornaamwoord of ná werkwoorde soos *is* of *word* gebruik.

## Selfstandige adjektief

*mooi, interessant, gewild, klein, oulik, rooi, ...*

Selfstandige adjektiewe kan gesien word as die "gewone" adjektiewe wat met naamwoorde, voornaamwoorde en sinsdele met 'n naamwoord as die belangrikste woord verbind. Dit kan **attributief** of **predikatief** gebruik word.

*Die [**splinternuwe** rekenaar] is sy verjaardaggeskenk.* [adjektief *splinternuut* verbind met naamwoord *rekenaar*; attributief gebruik]
*Die [rekenaar, **splinternuut,**] is sy verjaardaggeskenk.* [adjektief *splinternuut* verbind met naamwoord *rekenaar*; attributief gebruik]
*Hierdie skootrekenaar [is **peperduur**].* [adjektief *peperduur* verbind met sinsdeel *hierdie skootrekenaar*; predikatief gebruik]
*Ek het [iets **duurs**] vir my verjaardag gekry.*
[adjektief *nuuts* verbind met voornaamwoord *iets*; attributief gebruik]

## Oorganklike adjektief

*(is) [Spaans] magtig, ...*

Oorganklike adjektiewe staan ná 'n sinsdeel waarsonder die adjektief nie gebruik kan word nie, want anders is die betekenis van die sin nie volledig nie. In hierdie sinsdeel kom 'n naamwoord altyd voor. Die adjektief beskryf nie 'n eienskap van die ding, mens of dier wat deur die sinsdeel direk voor dit benoem word nie. Dit gee wel 'n eienskap vir die subjek van die sin, dit wil sê die sinsdeel wat vir ons wys oor wie of wat die sin gaan (dus wie of wat die situasie uitvoer of ondergaan).

*Die hond is nie [mense **gewoond**] nie.* [Die adjektief *gewoond* vorm 'n eenheid met die sinsdeel *mense* ('n enkele naamwoord) voor dit. Die adjektief *gewoond* beskryf 'n eienskap van die hond, naamlik dat dit nie mense aanvaar nie.]
*Hy is haar ['n verskoning verskuldig].* [Die adjektief *verskuldig* vorm 'n eenheid met die sinsdeel *'n verskoning* voor dit. Die adjektief *verskuldig* beskryf 'n eienskap van die manlike persoon, naamlik dat die betrokke persoon iets skuld.]



## Voorsetseladjektief

*(is) lief [vir sport], ...*

Voorsetseladjektiewe word saam met 'n vaste ('n baie spesifieke) voorsetsel gebruik en word ná 'n koppelwerkwoord (soos *is, was* of *word*) geplaas.

*Hy is [**gewoond** aan] mense.* [Die adjektief *gewoond* word saam met 'n baie spesifieke voorsetsel, naamlik *aan*, gebruik. 'n Mens kan byvoorbeeld nie **gewoond met* sê nie.]
*Hy is [**tevrede** met] sy Afrikaanspunte.* [Die adjektief *tevrede* word saam met 'n baie spesifieke voorsetsel, naamlik *met*, gebruik. 'n Mens kan byvoorbeeld nie **tevrede op* sê nie.]

Let op: **Attributief** beteken die adjektief word saam met 'n naamwoord of 'n voornaamwoord gebruik. Dit kan óf voor óf ná die naamwoord of ná die voornaamwoord staan. **Predikatief** beteken dat die adjektief ná 'n koppelwerkwoord (bv. *is, was, word*) gebruik word.

**LEES MEER**
oor adjektiewe op Taalonderrigportaal.

www.viva-afrikaans.org

VIRTUELE INSTITUUT VIR AFRIKAANS

# Voegwoord


Voegwoorde verbind sinne, en hierdeur word vir die leser/ hoorder presies aangedui watter verhouding tussen die sinne bestaan. Voegwoorde is nie deel van een van die twee sinne wat verbind word nie. As 'n mens die sinne wat verbind is, sou skei, het die voegwoord nie in een van die twee plek nie.

## Neweskikkende voegwoord

*en, maar, want, of, óf ... óf, sowel ... as, ...*

Neweskikkende voegwoorde word gebruik vir die verbinding van sinne wat dieselfde gewig dra (of sintakties gelykwaardig is).

*[Die klubhuis moet 'n grasdak hê,]* ***of*** *[daar moet lugreëling wees].*
***Óf*** *[almal is nie hier nie]* ***óf*** *[daar is van hulle weg].*
*[Harry slaap in die klas],* ***en*** *[hy speel videospeletjies by die huis].*



## Onderskikkende voegwoord

*aangesien, omdat, vandat, sodat, dat, as, om, ...*

Onderskikkende voegwoorde verbind ongelykwaardige taaleenhede. Onderskikkende voegwoorde word dus gebruik om een sin ondergeskik aan 'n ander sin te stel.

*[Hy verbind haar elmboog],* ***sodat*** *[sy dit nie eintlik kan buig nie].*
*[Terapie help]* ***as*** *[jy gesond wil word].*
***Vandat*** *[Harry so hard werk], [slaap hy ook sommer beter].*

**LEES MEER**
oor voegwoorde op Taalonderrigportaal.

www.viva-afrikaans.org

VIVA
VIRTUELE INSTITUUT VIR AFRIKAANS

# Partikel

Partikels is woorde wat saam met 'n ander woord of selfs saam met ’n kombinasie van woorde gebruik moet word om ’n bepaalde betekenis oor te dra.

*Stefan kom laat by die huis* ***aan****.*

Die partikel *aan* word saam met die woord *kom* gebruik om die werkwoord *aankom* te vorm.

*Stefan se laatkommery het groot moeilikheid veroorsaak, maar André* ***s'n*** *nie.*

[Omdat *s’n* op die besitting dui, moet dit saam met die besitter, aangedui deur *André*, gebruik word.]

*Stefan se onderwyser was* ***so*** *kwaad soos 'n spook oor die laatkommery.*

[Die partikel *so* word saam met ander woorde, soos ’n adjektief (bv. *kwaad*), die voorsetsel *soos*, die lidwoord *’n* en ’n naamwoord (bv. *spook*) gebruik om ’n vergelyking te tref (bv. ***so*** *kwaad soos ’n spook*).

*Stefan het* ***te*** *laat by die skool aangekom.*

[Die partikel *te* verbind telkens met ’n woord daarna om die intensiteit (of sterkte) daarvan aan te dui – in hierdie geval *laat*.]

*Stefan het nie laat gekom* ***nie****.*

[Die partikel *nie*, die tweede keer wat *nie* gebruik word, word altyd saam met een of ander woord (bv. *nie*, *nooit*, *niks*, *niemand*) wat die sin ontkennend (of negatief) maak, gebruik.]




**LEES MEER**
oor partikels op Taalonderrigportaal.

# Lidwoord

Lidwoorde word voor ’n adjektief en telwoord gebruik (indien dié woordsoorte wel gebruik word), anders staan dit direk voor ’n naamwoord. Lidwoorde spesifiseer die betekenis van die naamwoord deur aan te dui of die naamwoord ’n bekende, onbekende of afwesige ding benoem.

## Bepaalde lidwoord

*die* [ook die argaïese vorme, soos *de*, *des*, *den*, *dien* en *'t*]

Die bepaalde lidwoord word voor ’n naamwoord in die enkelvouds- of meervoudsvorm gebruik. Die bepaalde lidwoord dui tipies aan dat die naamwoord 'n bekende ding benoem.

***Die*** *twee nuwe truie is al klaar stukkend.*

[Die bepaalde lidwoord dui aan dat iets ***bekend*** is aan die spreker of hoorder (of skrywer en leser). Die bepaalde lidwoord word ook gebruik wanneer iets vir ons almal bekend is, omdat dit in die situasie voorkom (bv. ***Die*** *deur staan wawyd oop*) of wanneer dit deel van ons algemene kennis vorm (bv. ***Die*** *son is die naaste ster aan die aarde*).]

## Onbepaalde lidwoord

*’n*

Die onbepaalde lidwoord word slegs voor ’n naamwoord in die enkelvoudsvorm gebruik. Die onbepaalde lidwoord dui tipies aan dat die naamwoord ’n onbekende ding benoem.

***’n*** *Nuwe trui hang in my kas.*

[In hierdie voorbeeld dui die onbepaalde lidwoord vir ons aan dat ons van ’n spesifieke trui praat, maar dat die identiteit van die trui ***onbekend*** is. Ander kere (soos in *Ek soek* ***’n*** *trui)* dui *’n* vir ons aan dat die trui onbekend is én dat dit enige trui daar buite kan wees.]

## Ontkenningslidwoord

*geen, g’n*


Die ontkenningslidwoord word slegs saam met ’n naamwoord in die enkelvoudsvorm gebruik. Dit verskil van die ander lidwoorde deurdat dit saam met *nie* gebruik word en deur die onbepaalde lidwoord (naamlik *’n*) vervang kan word.

*Dis byna winter, en daar is* ***g'n*** *trui in die winkel in sig nie.*

[Die ontkenningslidwoord *g'n* dui vir ons aan dat die ding (die trui) wat deur die naamwoord aangedui word, ***afwesig*** is. Met ander woorde, die ding kom nie voor nie. In die sin *Daar is* ***g'n*** *truie in die winkel nie* is *g'n* nie ’n ontkenningslidwoord nie, want dit kan nie deur *’n* vervang word nie. Dit beantwoord wel die vraag "Hoeveel?" en kan met *nul* vervang word, en daarom is dit ’n **telwoord**.]

## Let op:

In plaas van die bepaalde lidwoord (*die*) word in sommige ou Afrikaanse uitdrukkings die Nederlandse lidwoord *de* en ander vorme aangetref. Voorbeelde hiervan is *Hy is vir ons 'n steen* ***des*** *aanstoots* (met die betekenis van ’n ernstige hindernis of ’n hinderlike persoon), *wat* ***de*** *duiwel* en *Hy is al jare* ***der*** *jare uit Cradock weg.*



**LEES MEER** oor lidwoorde op Taalonderrigportaal.

www.viva-afrikaans.org

VIRTUELE INSTITUUT VIR AFRIKAANS

# Tussenwerpsel

Tussenwerpsels dui daarop dat die spreker (of skrywer) interaktief tydens die kommunikasieproses betrokke is. Dit kan menslike of dierlike geluide aandui, dit druk die spreker se emosies of houding uit, of dit skep ’n verhouding tussen die spreker en hoorder(s). Tussenwerpsels word op hulle eie gebruik, of hulle word as deel van ’n sin gebruik waar hulle met ’n leesteken van die res van die sinsdele geskei word. Tussenwerpsels is daarom nooit deel van die subjek (oftewel onderwerp) of die gesegde van die sin nie.

## Tussenwerpsels maak ’n geluid na

*brrrr, woef, miaauuuu, bê-bê-bê, mêêêêê, kadoef, ...*

***Brrrr**, dit is koud!*
***Woef**! sê die hond.*
***Miaauuuu, bê-bê-bê, mêêêêê**, klink dit oor die plaaswerf.*
*"**Kadoef!**" slaan die klip hom op sy rug.*

## Tussenwerpsels dra gevoelens op ’n sterk manier oor

*dêmmit, hel, verdomp, verduiwels, ...*

*Hy moet praat, **dêmmit**!*
***Hel**, dis koud!*
***Verdomp**! Al weer beurtkrag.*
***Verduiwels**, kyk waar jy loop!*



## Tussenwerpsels druk emosie uit

*asseblief, sjoe, ai, jippie, hoera, ...*

***Ai**, 'n bietjie tee sal nou lekker smaak.*
***Jippie**, hier kom Tom.*
*Hier kom hulle. **Hoera**!*

## Tussenwerpsels skep ’n verhouding tussen gespreksgenote

*ja, dankie, goeiemôre, asseblief, ...*


***Ja**, ek weet dit.*
***Dankie**!*
***Goeiemôre**, hoe gaan dit?*
*Gee vir my die pen aan, **asseblief**.*

Tussenwerpsels wat op hulle eie gebruik word (bv. *Haai!*) is nie ’n sin nie, want dit bevat nie die twee basiese dele waardeur ’n sin gekenmerk word nie, naamlik ’n ***subjek*** (die deel wat vir ons wys wie/wat iets doen/ervaar/ondergaan) en ’n ***gesegde*** (die deel wat vir ons aandui wát die situasie is wat uitgevoer/ervaar/ondergaan word).

**LEES MEER**
oor tussenwerpsels op Taalonderrigportaal.

www.viva-afrikaans.org

VIRTUELE INSTITUUT VIR AFRIKAANS



# Bywoord

## Egte bywoord

*hier, bergop, môre, soms, ...*

Egte bywoorde kan nie trappe van vergelyking kry nie. Daar bestaan nie intensiewe vorme vir hulle nie.

*Ek sal dit **môre** doen.*
*Ek is **baie** tevrede.*
*Die grondpad het **bergop** begin kronkel.*
***Deesdae** klets mense **mos** met hulle slimfone op WhatsApp en dié goed.*
*Dis **nie** belangrik nie.*

## Adjektiwiese bywoord

*vinnig, gereeld, ...*

'n Adjektiwiese bywoord is 'n woord wat ook as 'n adjektief gebruik kan word en daarom trappe van vergelyking en intensiewe vorme kan kry. Dit word nie soos 'n adjektief voor 'n naamwoord gebruik om 'n eienskap toe te ken aan dít wat die naamwoord benoem nie.

*Die reën val **hard**.*
*Ons het die tente taamlik **vinnig** opgeslaan.*
*Hy praat al hoe **stadiger**.*

## Voegwoordelike bywoord

*buitendien, nogtans, dus, ...*

Voegwoordelike bywoorde word gebruik om dele van die teks te skakel deur aan te dui hoe die betekenis van die dele met mekaar verband hou. Anders as voegwoorde is voegwoordelike bywoorde déél van die sin. Ons sien dit wanneer 'n sin wat uit twee sinne bestaan, verdeel word: Die voegwoordelike bywoord kan in een van twee sinne gebruik word.

*Was eers jou hande, **dan** kom eet jy. < Was eers jou hande. Jy kom eet **dan**.*

## Betreklike bywoord

*waar, wanneer, ...*

Betreklike bywoorde (bv. *waar*, *wanneer*, *hoe* en *hoekom*) vorm tipies 'n betekenisverband ('n skakel) met 'n sinsdeel voor dit. Die betreklike bywoord lei 'n sin in ('n betreklike bysin), en dié sin gee 'n beskrywing van die sinsdeel wat net voor die betreklike bywoord staan. Betreklike bywoorde kan normaalweg herskryf word as 'n sinsdeel wat ekstra inligting gee oor die werkwoord (dus die tyd, plek, rede, ens. van die werkwoord).

*Die baan **waar** ons oefen, is net om die draai.* [Die betreklike bywoord *waar* vorm 'n skakel met *die baan* in die vorige sin. Die sin (betreklike bysin) wat deur *waar* ingelei word (naamlik *waar ons oefen*), brei die sinsdeel in die vorige sin (naamlik *die baan*) uit. Die betreklike bywoord in die betreklike bysin (naamlik *waar ons oefen*) kan herskryf word as 'n sinsdeel wat die plek aandui waar geoefen word, bv. ***Waar** ons oefen* (betreklike bysin) < *Ons oefen **waar*** (herskryf om soos 'n normale sin te lyk) < *Ons oefen **by die baan*** (vervang met 'n ander sinsdeel).]

## Voornaamwoordelike bywoord

*hiermee, daarmee, waarmee, ...*

Voornaamwoordelike bywoorde doen dieselfde werk as 'n sinsdeel wat bestaan uit 'n setsel en *dit* (bv. *op dit*) of 'n setsel en *wat* (bv. *op wat*).

*Wat verstaan jy **hieronder**?*
[*hieronder = onder + dit*]
*Die kombers **waaronder** ek lê, is warm.*
[*waaronder = onder + wat; waaronder* lei 'n betreklike sin in (naamlik *waaronder ek lê*); *waaronder ek lê* brei die sinsdeel (naamlik *die kombers*) uit]

## Voorsetselbywoord

*bo (Sy kamer is bo), ...*

Anders as voorsetsels kan voorsetselbywoorde alleen gebruik word. Met ander woorde, dit hoef nie soos voorsetsels saam met sinsdele gebruik te word nie. In *die kafee **tussenin** die geboue* moet die voorsetsel *tussenin* saam met die sinsdeel *die geboue* gebruik word, anders is die sin onvolledig. Voorsetselbywoorde word veral gebruik om ekstra inligting oor die werkwoord (tyd, rede, plek, wyse, ens.) te gee.

*Daar is 'n snelweg en 'n treinspoor, en hulle woon **tussenin.***


Bywoorde word primêr saam met ander woordsoorte gebruik om iets te sê oor die tyd wanneer, die plek waar en die wyse waarop 'n handeling plaasvind, en om die intensiteit van iets aan te dui. Sommige kere het bywoorde 'n effek op die inhoud van 'n hele sin deurdat dit die spreker/skrywer se houding verwoord, insluitend die graad van waarskynlikheid van 'n situasie. Sommige bywoorde het 'n negatiewe betekenis en word gebruik om 'n positiewe sin negatief te maak. Ander bywoorde lei 'n sin in wat 'n beskrywing gee van die sinsdeel wat voor die bywoord staan. Ander kere skakel bywoorde onnodige herhaling uit. Sommige bywoorde word gebruik om vir die leser/hoorder te wys hoe die betekenis van die dele van 'n teks (waarna geluister of wat gelees word) met mekaar verband hou.

**LEES MEER**
oor bywoorde op Taalonderrigportaal.

www.viva-afrikaans.org

VIRTUELE INSTITUUT VIR AFRIKAANS

# Naamwoord



Naamwoorde benoem iets: mense, denkbeeldige persone, diere en plante, nielewende sake en plekke, massas, versamelings, sowel as abstrakte entiteite (soos siektes, sportsoorte, idees, gevoelens en aksies wat staties voorgestel word). Wanneer 'n sin verdeel word in dele wat saam hoort, en 'n naamwoord kom in een van die sinsdele voor, is die naamwoord die belangrikste woord van die spesifieke sinsdeel. Hierdie sinsdeel kan uit net 'n naamwoord bestaan of uit 'n naamwoord waarrondom ander woorde, soos lidwoorde (*'n, die, g'n*), telwoorde (bv. *drie, baie, eerste, kwart*), adjektiewe (bv. *fluks, slim, blou*) gebou is. Sinsdele waarvan 'n naamwoord die belangrikste woord is, word dikwels gebruik om vir ons te wys wie/wat 'n handeling uitvoer of ondergaan (dit wil sê, as die subjek van die sin), of wie/wat direk deur 'n handeling geraak word (dit wil sê, as die direkte objek van die sin). Dit kan ook deur 'n voornaamwoord (bv. *dit, hulle*) vervang word.

## Soortnaamwoord

*breinaald, rug, strand, tydskrif, ...*

Soortnaamwoorde word gebruik om 'n soort saak te benoem waarvan 'n mens meer as een kan kry (bv. *hond*), en daarom is sulke sake altyd telbaar. Dit kan ook dikwels met die sintuie waargeneem word. Soortnaamwoorde word nooit voor 'n ander naamwoord gebruik nie. Omdat dit iets benoem wat getel kan word, kan dit meervoude kry en onder andere saam met die onbepaalde lidwoord (*'n*) en hooftelwoord (bv. *ses*) gebruik word.

*Die **man**, die **vrou**, die **kinders**, die **honde**, die **kat** en 'n **papegaai** is saam in die **kar see** toe.*

## Massanaamwoord

*beskuit, koffie, plastiek, sand, ...*

Massanaamwoorde benoem iets wat nie getel kan word nie, maar wel met die sintuie waargeneem kan word. Omdat dit iets ontelbaars benoem, kry dit nie meervoude nie en word die onbepaalde lidwoord (*'n*) en bepaalde hooftelwoorde (bv. *ses*) nie daarmee saam gebruik nie. Dit word wel saam met die bepaalde lidwoord (*die*) gebruik.

*'n Mens kan **sand**, **gruis**, **sement**, **saad**, **voer**, **meel**, **vleis**, **diesel**, **petrol** en **gas** by die koöperasie koop.*

## Maatnaamwoord

*kilogram, kilometer, koppie, emmer, krat, ...*

Maatnaamwoorde word vóór 'n ander naamwoord (veral 'n massanaamwoord en soortnaamwoord) gebruik om byvoorbeeld lengte, massa, volume of 'n ongespesifiseerde hoeveelheid aan die daaropvolgende naamwoord te koppel. Aangesien die maatnaamwoord nie vas aan die daaropvolgende naamwoord geskryf word nie, kan dit die verkleiningsvorm en meervoudsvorm kry en saam met ander woordsoorte (bv. lidwoorde, adjektiewe en telwoorde) gebruik word. Dit word wel saam met die bepaalde lidwoord (*die*) gebruik.

*Daar kom 'n dief aan wat eintlik agter Chrissie se **trommel** geld aan is.*
[Die maatnaamwoord ***trommel*** koppel 'n ongespesifiseerde hoeveelheid (so baie soos wat in 'n trommel kan pas) aan die volgende naamwoord (naamlik ***geld***).]

## Versamelnaamwoord

*kolonie, swerm, skool, trop, ...*

Versamelnaamwoorde word vóór 'n ander naamwoord (dikwels 'n soortnaamwoord) gebruik. Al word versamelnaamwoorde in die enkelvoudsvorm gebruik (bv. *trop*), dui dit altyd aan dat dit wat deur die daaropvolgende naamwoord benoem word, in 'n groep voorkom. Aangesien die versamelnaamwoord nie vas aan die soortnaamwoord geskryf word nie, kan dit net soos die maatnaamwoord die verkleiningsvorm en meervoudsvorm kry en saam met ander woordsoorte gebruik word.

*'n Groot **trop** varke het op die berg gewei.*
[Die versamelnaamwoord *trop* dui aan dat die varke in 'n groep voorkom.]

***Troppe** rooibokke kom nader.*
[Die versamelnaamwoord *troppe* dui aan dat die rooibokke in groepe voorkom.]

## Abstrakte naamwoord

*entoesiasme, leed, liefde, jaloesie, ...*

Abstrakte naamwoorde benoem iets wat nie sintuiglik waarneembaar is nie en wat ook nie telbaar is nie en gevolglik nie 'n meervoud kry of onbepaalde lidwoord neem nie.

*Sy **liefde** en **toewyding** bring **vreugde**.*

## Eienaamwoord

*Sandra, Pretoria, Somerset-Wes, Volkswagen, ...*

Eienaamwoorde benoem 'n unieke ding waarvan daar net een bestaan, en daarom word dit nie saam met lidwoorde (*'n, die, geen/g'n*) gebruik nie en kry dit ook nie die meervoudsvorm nie. Dit word gewoonlik met hoofletters geskryf.

***Annerie** doen goed in **Afrikaans**.*

**LEES MEER**
oor naamwoorde op Taalonderrigportaal.

www.viva-afrikaans.org

VIRTUELE INSTITUUT VIR AFRIKAANS

# Setsel

Setsels word gebruik om die verhouding (bv. ligging, rigting, tyd, afstand, vergelyking, instrument, doel, ens.) tussen twee sake (bv. dinge, mense, plekke) in 'n sin aan te dui.

## Voorsetsel

*op (die dak), aan (sy gesig), op (1 Julie), soos ('n hond), ...*

Voorsetsels staan vóór 'n sinsdeel waarmee dit 'n eenheid vorm. Die sinsdeel word 'n *setselkomplement* genoem.

*Die water is* ***in*** *die ketel.*
[setsel: *in*; setselkomplement: *die ketel*; setsel *in* druk 'n verhouding van plek uit tussen die water en die ketel: die water is binne die ruimte van die ketel]

## Agtersetsel

*(huis) toe, (my lewe) deur, ...*

Agtersetsels staan ná 'n sinsdeel waarmee dit 'n eenheid vorm.


*Hy reis die hele wêreld* ***deur****.*
[setsel: *deur*; setselkomplement: *die hele wêreld*: setsel *deur* druk 'n rigtingverhouding uit tussen die persoon wat reis en die wêreld waardeur hy reis: hy reis van een kant van die wêreld na die ander kant]

## Alkantsetsel

*langs (die rivier) af, met (hierdie pad) langs, ...*

Alkantsetsels staan aan weerskante van 'n sinsdeel waarmee dit 'n eenheid vorm.

*Ek sal* ***van*** *nou* ***af*** *mooi oplet.*
[setsel: *van ... af*; setselkomplement: *nou*; setsel *van ... af* dui die begin van 'n nuwe tyd aan waarby die spreker betrokke is]



## Let wel:

'n Groot aantal setsels behoort aan die kategorie voorsetsel. Daarom word die term *voorsetsel* dikwels op ander plekke (in boeke of op die internet) as die naam vir hierdie woordsoort gebruik.

**LEES MEER**
oor setsels op Taalonderrigportaal.

# Werkwoord

Werkwoorde is woorde of kombinasies van woorde wat 'n manier van wees **('n toestand)** aandui of 'n situasie wat gedurig verander en vorder **('n handeling)**. Dit sê ook iets oor die tyd wanneer of die wyse waarop die handeling plaasvind, en die tyd wanneer of die wyse waarop iemand in 'n sekere toestand verkeer.

## Hoofwerkwoord

'n Hoofwerkwoord is die enigste werkwoord in die sin, of dit kan as die enigste werkwoord in die sin gebruik word. Dit kan nie weggelaat word nie. Dit druk 'n manier van wees ('n toestand) of 'n situasie wat gedurig verander en vorder ('n handeling) uit.

### Leksikale hoofwerkwoord

Leksikale hoofwerkwoorde het nie 'n ander woord of sinsdeel nodig om die betekenis te voltooi nie.

#### Onpersoonlik

*Dit **reën**.*

Onpersoonlike hoofwerkwoorde word saam met die persoonlike voornaamwoord *dit* gebruik. Die voornaamwoord *dit* word in die plek van 'n subjek (die sinsdeel wat aandui wie die handeling uitvoer) gebruik.

#### Onoorganklik

*Sy **loop** langs die see af.*

Onoorganklike hoofwerkwoorde kom voor in 'n sin sonder 'n direkte objek (m.a.w. sonder 'n sinsdeel wat dui op die ding of persoon wat direk deur die handeling geraak word).

#### Oorganklik

*Hy **eet** 'n broodjie.*

Oorganklike hoofwerkwoorde kom voor in 'n sin met 'n direkte objek.

#### Dubbeloorganklik

*Danie **gee** vir Verna die handboek.*

Dubbeloorganklike hoofwerkwoorde word in 'n sin gebruik saam met 'n direkte én indirekte objek (m.a.w. 'n sinsdeel wat dui op die ding of persoon wat *indirek* deur die handeling geraak word).

#### Ander

Lees op VivA se Taalonderrigportaal meer oor ander werkwoorde.

### Koppelwerkwoord

*is, lyk, skyn, ...*

Wanneer koppelwerkwoorde gebruik word, moet 'n sinsdeel daarna volg, want die koppelwerkwoord verbind hierdie sinsdeel wat 'n eienskap voorstel, aan dít wat deur die subjek benoem word.

*My naam **is** Muriel.*
*Ek **heet** Muriel.*




## Niehoofwerkwoord

Niehoofwerkwoorde word saam met hoofwerkwoorde in 'n sin gebruik. In teenstelling met hoofwerkwoorde kan dit uit die sin weggelaat word.

### Hulpwerkwoord

Hulpwerkwoorde lig die hoofwerkwoord toe deur inligting oor die tyd wanneer of die wyse waarop gebeure plaasvind (d.w.s. modaliteit), te gee. Dit kan ook aantoon dat die sin in die lydende vorm is.

#### Tyd

*het*

Die enigste hulpwerkwoord van tyd of tempus (naamlik *het*) kombineer met 'n hoofwerkwoord wat in die verledetydsvorm is. Sodoende word aangedui dat die gebeure in die verlede tyd plaasgevind het.
*Luané **het** klaar geswem.*

#### Omskrywing

*is, word, was*

Die twee omskrywingswerkwoorde, naamlik *word* en *is*, word gebruik om die lydende vorm van die sin (die passiefkonstruksie) mee te vorm.
*Die honde **word** gereeld gebad.*
*Die skape **is** geskeer.*

#### Modaliteit

*kan, kon, wil, wou, ...*

Hulpwerkwoorde van modaliteit (ook genoem *hulpwerkwoorde van wyse*) word gebruik om aan te dui hoe die gebeure in die sin plaasvind. Daar is 'n beperkte aantal van hierdie werkwoorde, en hulle het meestal sowel 'n teenwoordige- as verledetydsvorm.
***(kan, kon, mag, moet, moes, sal, sou, wil, wou, gaan, moenie)***

### Skakelwerkwoord

Skakelwerkwoorde lyk op die oog af soos 'n hoofwerkwoord, maar tree saam met 'n ander hoofwerkwoord op.

#### Direk

*aanhou, probeer, ...*

Direkte skakelwerkwoorde skakel met die hoofwerkwoord sonder die skakelpartikel *en*.
*Jy moet **aanhou** skryf.*

#### Indirek

*lê, sit, ...*

Indirekte skakelwerkwoorde skakel met die hoofwerkwoord met behulp van die skakelpartikel *en*.
*Sy [**sit** en] slaap in die klas.*


**LEES MEER**
oor werkwoorde op Taalonderrigportaal.

VIVA
VIRTUELE INSTITUUT VIR AFRIKAANS

www.viva-afrikaans.org

# Telwoord

Telwoorde verwys na ’n kwantiteit, ’n plek in ’n reeks of ’n deel van iets wat in eweredige dele verdeel is.



## Hooftelwoord

Hooftelwoorde is woorde wat veral voor ’n naamwoord of ná ’n koppelwerkwoord (bv. *is*) gebruik word en verwys na ’n spesifieke getal of onbepaalde hoeveelheid. Hulle eindig nie op *-ste* of *-de* nie. Hooftelwoorde wat dui op ’n spesifieke numeriese waarde, word ook ná ’n naamwoord gebruik (bv. *kamer* ***ses***), terwyl sommige hooftelwoorde wat verwys na ’n onbepaalde hoeveelheid (bv. *enige*, *elke*, *sommige* en *menige*), ook voor ’n hooftelwoord wat dui op ’n spesifieke getal gebruik kan word (bv. ***enige*** *twee*).

### Onbepaald

*baie, ...*

Onbepaalde hooftelwoorde is woorde wat nie aan ’n ander telwoord gevoeg kan word nie (bv. **baietien*), nie met ’n ander telwoord en *en* gekombineer kan word nie (bv. **baie en twintig*) en ook nie met ’n syfer vervang kan word nie. Slegs sommiges (bv. *soveel* en *hoeveel*) kan ’n *-de* of *-ste* kry om ’n **onbepaalde rangtelwoord** te vorm.

***Talle*** *inwoners kla oor die diens.*
*Daar het al* ***hoeveel*** *kinders siek geword van die water.*

### Bepaald

*een, ...*

Bepaalde hooftelwoorde (bv. *vyf*) is woorde wat aan ’n ander telwoord gevoeg kan word (bv. *vyftien*), saam met ’n ander telwoord en *en* gebruik kan word (*vyf en twintig*) en *de-* of *ste-* kan kry om ’n bepaalde rangtelwoord te vorm (bv. *vyftien-de*). In sy plek kan ’n syfer (bv. 5) gebruik word.

*Sara het* ***twee*** *groot honde.*
*Sara het* ***2*** *groot honde.*

## Rangtelwoord

Rangtelwoorde is woorde wat veral voor ’n naamwoord of ná ’n koppelwerkwoord (bv. *is*) gebruik om na ’n volgorde binne ’n hiërargie te verwys. Hulle eindig op *-ste* of *-de* (of *-e* as alternatief vir albei). Rangtelwoorde wat dui op ’n spesifieke posisie in ’n rangorde, word ook gebruik om uit te brei oor ’n adjektief (bv. ***derde*** *slimste*), ’n werkwoord (bv. ***eerste*** *gelag*), ’n ander rangtelwoord (bv. ***derde*** *laaste*) of ’n sinsdeel wat met ’n voorsetsel begin (bv. ***derde*** *op die lys*).

### Onbepaald

*soveelste, ...*

Onbepaalde rangtelwoorde is woorde wat nie met *en* en ’n ander telwoord gekombineer kan word nie (bv. **een-en-soveelste*), nie gedeeltelik met syfers geskryf kan word nie en waarvan slegs sommiges (bv. *hoeveelste* en *soveelste*) se vorm verander kan word om ’n **onbepaalde hooftelwoord** te vorm (bv. *hoeveel* en *soveel*).

*Dit is nou die* ***hoeveelste*** *maal dat sy dieselfde vraag vra.*
*Dit is nou die* ***soveelste*** *keer wat hy die vraestel skryf.*

### Bepaald

*vyfde, ...*

Bepaalde rangtelwoorde (bv. *twintigste*) is woorde wat met *en* en ’n ander telwoord gekombineer kan word (bv. *een-en-twintigste*) en ook gedeeltelik met syfers geskryf kan word (bv. *21ste*). Bepaalde rangtelwoorde is woorde waarvan die agtervoegsel (*-ste* of *-de*) weggelaat kan word om ’n **bepaalde hooftelwoord** te vorm (bv. *twintig*). Bepaalde rangtelwoorde kan as breuktelwoorde gebruik word (bv. *’n* ***twintigste*** *van*).

*Aswhin het* ***sewende*** *in die wedren gekom.*
*Aswhin het* ***7de*** *in die wedren gekom.*

## Breuktelwoord

*kwart, half, agtste, drie agtstes ...*

Breuktelwoorde (met of sonder die woord *van*) word veral vóór ’n naamwoord of ná ’n koppelwerkwoord (bv. *is*) gebruik om te verwys na ’n **gedeelte van** ’n **geheel** wat uit eweredige dele bestaan. Breuktelwoorde het dieselfde vorm as rangtelwoorde (bv. *derde*), of dit bestaan uit ’n hooftelwoord wat vas aan ’n rangtelwoord wat ’n -s kry, geskryf word (bv. *twee+derde-s*).

***Tweederdes*** *van die inwoners het vir die nuwe reël gestem.*
[Die geheel word voorgestel as driederdes. Die breuktelwoord dui ’n deel (tweederdes) van die geheel (driederdes) aan.]

*Gooi ’n* ***driekwart*** *koppie water by die rys.*
*Volgens statistiek is ’n* ***derde*** *van alle jeugdiges tussen 15 en 24 jaar werkloos.*



**LEES MEER**
oor telwoorde op Taalonderrigportaal.

www.viva-afrikaans.org

VIVA
VIRTUELE INSTITUUT VIR AFRIKAANS